# Sal Jou Anker Hou?

## Kevin Booysen & Dumisani

SAL JOU ANKER HOU IN DIE LEWENS STORM
AS DIE WOLKE TOON DAAR'S GEVAAR AAN'T VORM
AS DIE WINDE RUK EN KABEL PLUK
SAL JOU ANKER SKUIF OF VASTER DRYF

KOOR:ONS HET Åƒ ANKER WAT ONS VAS HOU
HOE OOK DIE STORM OOR DIE SIEL ONTVOU
VASTER AAN DIE ROTS KLOU DIT ALTYD MEER,
DIEPER IN DIE LIEFDE VAN ONSE HERE

DIT IS VEILIG VAS,TEEN DIE STORM BESTAND
WANT DIE HEILAND SELF HOU DIT IN SY HAND
EN DIE KABEL STERK WAT ONS AAN HOM BIND
KAN OOK WEERSTAND BIED TEEN DIE STERKSTE WIND

DIT SAL VEILIG HOU AS DAAR VREES ONTSAAN
DAT DIE BRANDERS ONS TEEN DIE ROTS SAL SLAAN
HOE DIE STORM OOK WOED EN DIE WIND OOK LOEI
NIE DIE GROOTSE GOLF SAL ONS SKIP OORVLOEI

DIT SAL SEKER HOU TOT OOK DEUR DIE DOOD
MET DIE LAASTE SNIK DEUR DIE KILLE VLOED
DEUR DIE DOODSJORDAAN SAL ONS VEILIG GAN
AS ONS ANKER VAS IN SY HEIL BLY STAAN

AS ONS OOG AANSKOU DEUR DIE DONKER NAG
DAARDIE STAD VAN GOUD WAAR ONS SO NA SMAG
GAAN ONS ANKER DAAR AAN DIE HEMELKUS
WAAR GEEN STORMS ONS OOIT MEER SAL ONTRUS

Lyrics Submitted by Pastor Neville Keet

Lyrics provided by
https://damnlyrics.com/